

WEN 'N WEGBREEK ÉN WYN BY BLAAUWKLIPPEN ✣ BREI 'N SLAAPSAK EN MUS VIR BABA

# rooi rose

APRIL 2024

STYLVOL, SINVOL, PROPVOL

## Help!
Ek voel skuldig as ek geld spandeer

## Ma's se stryd
As dit meer as net *baby blues* is

ONS LOER IN BY
- Portchie
- Jenna-Leigh Bilong
- Hannes van Wyk

Smullekker geregte met maalvleis en pasta

## Die kinders van vandag
Wie se skuld is swak dissipline?

## 'Skin streaming'
Wat op aarde is dit?

# Kate ROOTHMAN
oor *Binnelanders*, die plaaslewe en groot planne

R59,90
BTW INGESLUIT



**BABYLONSTOREN** TUSSEN DIE PAARL EN FRANSCHHOEK IS IN 1692 GESTIG EN MET DIE HUIDIGE EIENAAR KAREN ROOS, 'N VOORMALIGE REDAKTEUR VAN 'N DEKORTYDSKRIF, SE OOG VAT OUD EN NUUT HIER HANDE

*Deur* **MARYKE ROBERTS**

# *DIE BEKORING VAN* Babylonstoren



Onder die groot bome en tussen honderde clivias, waar plaashoenders en kalkoene skrop met die klank van kabbelende watervoortjies op die agtergrond, is daar rus vir jou siel, bekoring vir die oog en heilsaamheid vir die maag.

Die afgelope 332 jaar se spore is duidelik in die pragtige buitegeboue en opstalle met hul dik, wit mure te sien. Die afgelope 17 jaar onder Karen Roos se rentmeesterskap, is in die glasvensters, netjies uitgelegde tuin en al die fynere afwerkings, soos 'n olyfstoor met blikkie-verpakkings, 'n turksvydoolhof, 'n geurkamer, ruie laventelbosse en die Glaskas-teetuin vir etes tussen die plante te sien.

Die geskiedkundige Kaaps-Hollandse plaas kruip salig teen die hange van die Simonsberg op en 'n mens kan goewerneur Simon van der Stel net bedank dat hy in 1692 aan die vryburger Pieter van der Byl 'n stuk grond aan die voet van 'n keëlvormige koppie toegeken het. In Nederlands het dit Babylonische Tooren en later Babilonstoring of Babylonstoren geheet, aangesien die vorm daarvan die 17de eeuse boere aan die Bybelse Toring van Babel herinner het.

'n Ander interessante spekulasie is dat die naam ook na die taalkundige smeltkroes verwys wat die vallei in daardie stadium was – Nederlands, Frans, Duits en die tale van die Khoi en San het vermeng geraak, en eksotiese Oosterse woorde het via die speseryroete hier aangeland, wat 'n mens inderdaad aan die Bybelse storie van die Toring van Babel herinner.

Hoe dit ook al sy, as die hekke 17:00 sluit en die laaste motors in die verte verdwyn, sak daar 'n ouwêreldse stilte oor die plaas toe – 'n kosbare kleinood vir elke oornagbesoeker.

Jy kan dan met die fietse, wat voor jou Fynboshuisie wag, die plaaspaadjies gaan verken; tussen die sitrusboorde gaan stap; of op jou rug in die spaswembad dryf terwyl die wolke bo jou kop verbydryf. Daar is net een woord vir die gevoel wat jou bekruip: vrede.

Karen het eenmaal in 'n onderhoud gesê dat sy wil hê besoekers moet "geanker" voel as hulle hier kom vertoef. Geanker inderdaad.


Elke dag van die jaar is daar iets anders wat hier aandag verg, hetsy die hoenders en eende; die Chianinabeeste en waterbuffels; die boorde en wingerde; die besonderse tuin wat deur die befaamde argitek Patrice Taravella ontwerp is.

Dis 'n werkende plaas waar jy kan sien hoe olyfolie gepars, wyne gemaak, allerhande geurmiddels en olies gedistilleer, kaas- en kouevleise gemaak, en brood gebak word. Jy kan saam met sjefs gaan om groente en vrugte vir die restaurante te pluk en selfs jou eie olyfolie meng.


Maar 'n mens kan nie net so vinnig terloops oor die tuin van vyf hektaar praat nie. Dis die hart van die plaas.

**BO:** Die plaas is 'n groen oase en word deur die Wes-Kaapse berge omring. LINKERKANTSTE BLADSY: Die luukse Fynboshuisies op die plaas bied sorgelose ontspantyd vir besoekers.









Die ontwerp van die tuin is deur die oorspronklike Kompanjiestuin in Kaapstad geïnspireer. Maar dit herinner ook aan die mitiese hangende tuine van Babilon, wat Nebukadneser waarskynlik in die sesde eeu voor Christus gebou het om sy vrou se verlange na die berge en valleie van haar jeug te stil.

Patrice se werk by Prieuré Notre Dame d'Orsan in Frankryk – 'n Middeleeuse kloostertuin wat op die terrein van 'n gerestoureerde 12de eeuse monnikeklooster gerekonstrueer is – het glo Karen se oog gevang. Sy vertel: "Ek is aangetrek deur Patrice se inherente dissipline. Dit is amper Kartesies in die tradisie van klassieke Franse tuine. En dit is merkwaardig hoe goed hy die beweging van mense verstaan: Hoe om te sorg dat 'n tuin jou dra en jou kalmeer."

Hy het aan die Babylonstoren-tuin sy geometriese struktuur gegee. Daar loop 'n as van oos na wes langs die tradisionele lyne vanaf die witgekalkte Kaaps-Hollandse werf, en een van noord na suid vanaf Babel-restaurant na die Babylonstoren-koppie. Dit is verdeel in 15 groeperings, wat onder meer groente, steenvrugte en kernvrugte, neute, sitrusvrugte, bessies, bye en kruie insluit. Die stroompie se water word met leivore teen die effense helling afgelei en vloei deur die tuin en deur damme waarin eetbare lotus, waterlelies en waterblommetjies groei.

Jy kan op verskeie plekke al daardie heerlikhede eet – van die Babel-restaurant tot die wynproelokaal; toere met ervare gidse onderneem; jou eie gesigmasker en badsout meng of die plaastoer teen sonsak doen en oor die berge en heuwels van hoog teen die Simonsberg uitkyk.

By In die Wolke, 'n spesiale uitkykpunt met 'n asemrowende uitsig oor die vallei en Tafelberg, kan jy jou bene kruis en agteroor sit om rustig aan 'n glasie van een van die plaas se manjifieke wyne te teug.

Of jy kan – soos dit Karen se droom is – bloot geanker voel en in jou verblyf – wat in ons geval die nuwer Fynboshuisies is – weg van die gewoel skuil. Bokant die plaasdam, net 'n kort rit van die restaurant, wynkelder en tuin af, lê die Fynboshuisies, met 'n pragtige uitsig oor die wingerd.

Hier geniet gaste ekstra privaatheid terwyl hulle net 'n paar honderd meter van die hart van die plaas af is. Die elegante dekor sluit oregonhoutvloere, dekor met organiese kleurskakerings en teksture, en die fynste linne op die koninggrootte beddens in.

Uit die glaskombuis is daar 'n pragtige uitsig oor die natuurlike planthabitat van die Wes-Kaapse berge. Die res van die plaas is maklik met jou eie gholfkarretjie of fiets bereikbaar.


**BO:** Die Speseryhuis met sy tropiese plante is die ideale plek vir intieme partytjies. Ontbyt of laatmiddagtee terwyl die son patrone teen die blou berge maak, laat vloei die laaste bietjie stres uit jou skouers uit. Hoenders, eende, beeste, bye, noem dit: pure plaas. Die wynmuseum is 'n wonderlike plek om meer oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse wynbedryf te leer en te sien waar Babylonstoren inpas. **VOLGENDE BLADSY:** Die Glaskas-teetuin is 'n lekker kuierplek waar ligter etes geniet kan word.




FOTOS: XXX

## Kitsfeite

Die plaas se akkommodasie val alles onder die Plaashotel met 33 gaste-eenhede: 5 eenslaapkamerkothuise met leefvertrek; 11 tweeslaapkamerkothuise met woonvertrekke; 15 eenslaapkamersuites; 5 slaapkamers in die Herehuis en 5 slaapkamers in die Fynbosfamiliehuis. Pryse wissel van R12 000 per paartjie per nag (lae seisoen) en R16 400 (hoë seisoen) tot R95 000 en R106 000 vir die hele Herehuis of Fynbosfamiliehuis. ***Bespreek by www.babylonstoren.com***









Sou jy die luukse van jou huisie met sy toegeruste kombuis wil agterlaat, beveel ek die marmer-hamman – 'n eg Turkse badhuis – aan, waar 'n uurlange waterritueel (met tradisionele lyfskrop, strekke en massering) of die seepbehandeling vir twee, wat 'n tradisionele lyfskrop, seepwas en massering insluit, jou van die lewe buite die plaashekke sal laat vergeet.

Stap oor na die Glaskas-teetuin, wat ook as kweekhuis ingespan word vir die plante wat in die nat Kaapse winters sukkel, of dié wat in die somer hoër lugvogtigheid benodig. Eksotiese grenadellas, gemmer, kardemom, pynappels, draakvrugte en vanielje groei alles hier.

Saans kom jy na jou sitkamer terug met 'n knetterende vuurtjie, skink 'n glas wyn en kyk 'n fliek, lees een van die boeke op jou boekrak of speel kaart en gesels.

Gedurende een van ons twee oornag-aande sak 'n ligte reënbui uit. Dis koud buite en die vuur knetter gesellig. Ons het ons dik wit japonne aan en die wynbottel is half. Ons mae is vol; Babel was rojaal.

My geliefde daag my uit vir 'n swem in die reën by die beskutte swembad. Daar is ook 'n borrelbad en oulike kuierplek met plante, rottangmeubels en geglasuurde teëls wat jou kan laat verbeel jy is iewers ver oor die waters in 'n eksotiese bestemming. Die swembad se donkerblou liggies laat die poel tegelykertyd feestelik en luuks lyk. Ons skakel die borrels aan en leun ons koppe op die rand. Die reën dans op die water. Die water is louwarm en die ure gly verby. Dit voel of ons alleen op die plaas is. Ontbyte by Babel is eenvoudig, oorvloedig en eerlik, soos die kelnerin laggend kommentaar lewer toe sy ons grootgerekte oë sien oor die opdientafels wat onder die plaas se gul offerandes kreun – amper 'n dankbetuiging dat die grond so mooi bewerk word en die plaas so keurig versorg word.

Babylonstoren is 'n kinderparadys. Kinders geniet dit om buite te wees en met die plaasdiere maats te maak. Dis veral die plaas se geliefde donkies, wat oorkant die Plaaswinkel woon en aanhoudend gevoer moet word, wat vir groot pret sorg. Dan is daar die skilpaaie, hoenders, kalkoene, eende en eekhorings wat vry rondloop. Kinders kan meer leer oor die insekte wat in die goggahotel se afval, hout en bas kom nesskop. In die tuin speel groot en klein graag wegkruipertjie (en die beste wegkruipplek is op met die trapleertjie tot in een van die groot wewerneste tussen die bamboese).

Wanneer jy ná drie dae jou kamersleutel inhandig, is jy hartseer om te groet. Dis die klein dingetjies wat jy by Babylonstoren ontdek, wat jou altyd sal bybly. En "geanker" en "vredig" is die woorde wat jou uitgeruste lyf die beste beskryf as jy vir die wag by die hek wuif.

**BO:** Droom ure om in jou bed by die Plaashotel se verskillende verblyfopsies. Koel in die swembad af met die reuk van fynbos in jou neus. Etes by Babel is verruklik vir die oë, neus en tong. Sou jy die luukse van jou huisie met sy toegeruste kombuis wil agterlaat, beveel ek die marmer-hamman – 'n eg Turkse badhuis – aan.

FOTO'S: VERSKAF